

## DIE VESTIGING VAN DIE EERSTE VRYBURGERS AAN DIE KAAP DIE GOEIE HOOP — III

*Voorwaardes soos gestel deur kommissaris Rijckloff van Goens en die Here XVII se houding*

Kragtens sy senioriteit was Kommissaris Rijckloff van Goens bevoeg om die voorwaardes wat Van Riebeeck aan die vryburgers gestel het, na eie goeddunke te verander.<sup>1</sup> Van hierdie gesag het hy dan ook weldeeglik tydens sy inspeksiebesoek aan die Kaap, wat van 17 Maart tot 19 April 1657 geduur het,<sup>2</sup> gebruik gemaak en sy maatreëls het in enkele fundamentele aspekte van dié van Van Riebeeck verskil. Alhoewel sy veranderings die vryburgers in die algemeen bevoordeel het, was enkeles daarvan tog van minder populêre aard,<sup>3</sup> en gee dit later tot heelwat ontevredenheid aanleiding,<sup>4</sup> soos verderaan verduidelik sal word.

In sy „Instructie voor d' E. Jan van Riebeeck” van 16 April 1657, waarin sy voorwaardes vir die vryburgers uiteengesit is, het hy dit weer eens baie duidelik gestel watter oogmerke die V.O.C. met die Kaap in gedagte gehad het, asook in watter mate en in welke opsig die vryburgers tot die verwesenliking daarvan moes bydra. Sy verklaring in hierdie verband lees: „Om hoedanige redenen deese plaetse bij onse heeren ende principaelen beset en bij der hant genomen sij, wert bij haer Ed: instructie ende successive brieven omstandigh vertoont, gelijk UE. enoughsaem kennelijk is, tenderende ten principalen omme alhier voor eerste sooveel verversinge voor 's Comp<sup>s</sup> passeerende scheepen soo van aertvruchten, Boomoost, ende versch vleijs, van alderleij bequaem gedierte aen te queecken, dat 't selve niet alleen tot gesontheit van haer volcq en dienaren mach strecken, maer oock om naemaels boven dien soo verre t' advanceeren, dat tot soulaes van de groote gedaene onkosten metter tijt goede winsten door alle eerlijcke middelen van Lantbouw, Inlandsen Handel ende traffique ter zee mochten overschieten”.<sup>5</sup>

Dit was veral op landbougebied waar die vryburgers 'n onmisbare rol sou speel, en Van Goens kon nie nalaat om hierdie feit herhaaldelik te beklemtoon nie. Om sake dus op die verlangde wyse

1. Pelzer, A. N.: *Jan van Riebeeck (1618-1677)*, p. 48.
2. Godée olsberger, E. C.: *De Stichter van Hollands Zuid-Afrika, Jan van Riebeeck 1618-1677* p.110.
3. Pelzer, A.N.: *op. cit.*, p. 4.
4. Boëseken, A. J.: *Nederlandshe Commissarissen Aan De Kaap 1657-1760*, p. 34.
5. Leibrandt, H. C. V.: *Precis of the Archives of the Cape of Good Hope, Letters Received*, Vol II. p. 217.

te laat vlot, het hy instruksies uitgereik ten einde te verseker dat die landbou prioriteit sou geniet bo alle ander projekte en bedrywighede wat vir die Kaap beplan is, of alreeds onderweg was. Genoemde bedrywighede, het hy verklaar. „ . . moeten mede buijten versuijm van den Lanbouw metter tijt maer opgemaect worden. . .”<sup>6</sup>

Hy het die V.O.C. se doel met die vryburgers soos volg verder geskets: „Dus veel van de noodige onder hande ende noch te maecken werck gestelt sijnde, comen tot de seer en boven al nootsaeckelijke lantbouw, om daarmede niet alleen te excuseren, dat men van Batavia off't uijt 't Patria geen montwaeren uwe hoeft te versorgen, maer dat wij soo verre mogen comen om selff voor d' aenwesende schepen alle scheepscost te excuseren, ende van den overvloed India connen mededeelen, hierop siet het principaele oogherck van d' E. Compe . . . Tot maintainue van den lantbouw wert U.E. bij diverse brieven . . . bevolen ende gelast 't animeren eenige burgers . . .”<sup>7</sup>

Om hierdie doelstelling te verwesenlik, het Van Goens besef dat die aantal amptenare in diens van die V.O.C. aan die Kaap vermindert moes word en dat die aantal vryburgers vermeerder moes word. Die voor die hand liggende oplossing wat hy aan die hand gedoen het, het behels dat alle V.O.C.-amptenare bo die getal 100 ontslaan moes word, dat hierdie ontslaande surplus in die landboubedryf in diens geplaas moes word en deur „ . . soo veel Burgeren soeckt te animeeren als doenlijk sij om d' E. Compe van de Soldije te ontlasten ende telckens soo veel gagie winners trachten te vermindere . . .”<sup>8</sup>, kon die aantal dienare eventueel tot die getal 70 vermindert word, waaronder 50 soldate om die besittings van die vryburgers te help beskerm.<sup>9</sup>

Die groot waarde wat die V.O.C. klaarblyklik aan die Kaapse landbou geheg het, het Van Goens aangespoor om homself ten gunste daarvan te verklaar dat daar deeglik na die belange van die boerende vryburgers omgesien moet word. „Dese Burgers”, het hy Van Riebeeck beveel, „Sal U.E. (selffs buijten onse beloffte) met alle macht de handt bieden om haer in 't eerste het werck wat smaeckelijck te maecken, immers soo veel buijten schade van de Compe gehieden can”.<sup>10</sup>

Hulpmaatreëls wat hy in hierdie verband voorgeskryf het, het die volgende behels.<sup>11</sup>

6. *Ibid.*, p. 223.

7. *Ibid.*

8. *Ibid.*, p. 219.

9. *Ibid.*

10. *Ibid.*, p. 225.

11. *Ibid.*, pp. 225—227.

1. Die vryburgers moes voorsien word van „soo veel bequame jock offte ploegossen als wij eenighsints connen missen . . .”<sup>12</sup>, al sou dit ook beteken dat die Kompanjie se werk daardeur opgehou word.
2. Gedurende die eerste jaar moes die Kompanjiesmit die vryburgers se gebreekte ploëë sonder vertraging herstel.
3. Aan die vryburgers moes onmiddellike beskerming verleen word indien hulle „eenigh overlast van d’ Inwoonders”<sup>13</sup> ondervind.
4. Die vryburgers moes toegelaat word om soveel vee te akkumuleer as wat hulle „buiten consumptie van Comp<sup>s</sup> granen connen voeden”.<sup>14</sup>
5. Geen hindernisse moes in die weg van vryburgers geplaas word om soveel skape en koeie van die Hottentotte te ruil as wat hulle „buiten prejudicie van de coornlanden connen voeden”.<sup>15</sup> Vir hierdie ruilhandel moes egter gebruik gemaak word van Kompanjieskoper en -tabak, wat verskaf sou word teen normale heersende pryse. Hierbenewens moes die vryburgers ook leer as wat hulle „buiten consumptie van Comp<sup>s</sup> granen connen missen”<sup>16</sup> aan die owerheid teen 12 gulde vir ’n „os, bul off koebeest”<sup>17</sup> en 3 gulde vir ’n skaap afstaan. Dieselfde prys sou gevra word wanneer die vryburgers vee van die owerheid wou koop.
6. Die vergunning van „particuliere thuijnen”<sup>18</sup> aan amptenare is teruggetrek. Behalwe dat hierdie praktyk nadelig vir die V.O.C. was, was dit ook onregverdig teenoor die vryburgers „want dewijle hier niet mogelijk is dat de vrije luiden hier souden connen leven soo de dienaren deselve preminentien hadden, soo is het onreedelijcq hun voordeelen te verhinderen in soo teere en cleijne beginselen . . .”<sup>19</sup> Indien hierdie dienaars hul landboubedrywighele wou voortsit, moes hulle tot die vryburgergeleedere toetree.
7. Die vryburgers sou nie langer as 12 jaar aan hul ooreenkomste

12. *Ibid.*, p. 225.

13. *Ibid.*

14. *Ibid.*

15. *Ibid.*

16. *Ibid.*

17. *Ibid.*

18. *Ibid.*

19. *Ibid.*, p. 2277.

met die V.O.C. gebonde wees nie, en vir genoemde periode was hulle van alle belasting vrygestel.<sup>20</sup>

8. „. . . om de luijden in haere huijsgesinnen te verplichten 't werck wat langh bij te wonen . . .” is dit wenslik geag dat „die getrouet sijn eerst geconsentreert hadden haer vrouwen hier t' ontbieden . . .”<sup>21</sup>
9. Sodra slawe beskikbaar word, moes die vryburgers se behoeftes voorkeur geniet bo dié van amptenare.<sup>22</sup>

Van minder pupolêre aard was Van Goens se voorwaardes ten opsigte van grondbesit. Van Riebeeck se oorspronklike bepaling dat die vryburgers soveel grond in besit kon neem as wat hulle binne 'n periode van drie jaar kon bewerk, is deur hom gewysig op grond van die argument dat daardie bepaling sou meebring dat die eerste vryburgers slegs die beste en vrugbaarste dele sou uitsoek om op te boer. Gevolglik sou diegene wat eers op 'n later stadium vryburgers wou word, nadelig getref word.

Waar Van Riebeeck dus nie die grootte en presiese ligging van die plasies omskryf het nie, het Van Goens bepaal dat dit formeel afgebaken en omskryf moes word. Hy het gevolglik opdrag gegee dat iedere burger 'n plaas van 13½ morges (met oppervlakte-afmetings van 13½ roede by 40 roede) moes ontvang.<sup>23</sup> Op hierdie wyse, het Van Goens bereken, sou 250 persone uiteindelik „gefavouriseert”<sup>24</sup> kon word.

Bykomstig tot bogenoemde bepaling, het Van Goens ook gestipuleer dat die grond wat in ontvangs geneem is, vir die eerste 12 jaar nie verkoop, of andersins vervreem mag word nie, asook dat soortgelyke optrede na afloop van genoemde periode dan slegs kan plaasvind met medewete en goedkeuring van die Politieke Raad.<sup>25</sup>

Dit was nie slegs Van Goens se bepaling ten opsigte van grondbesit wat die vryburgers se misnoë uitgelok het nie. Ook die voor-skrif dat slegs sekere gewasse geplant of gesaaï mag word, was baie

20. *Ibid.*, pp. 290—291. (Van Goens het in dié verband in sy memorandum aan die Here XVII verklaar: „ick hebbe deese eerste niet langer connen verbinden dan 12 jaeren ende daartoe nog seer groote moeijte gehad, daer voren haer belofte moeten doen, dat het land d' eerste 12 jaeren van alle lasten en schattingen vrij sal weesen; ick hadde wel gewenst van U Ed. intentie desen aengaende wat instructie gehad te hebbend, niet te min verhoope U Ed. ons dien te sullen aprobeeren om deese eerste en teere beginselen niet onsmaeckelijck in te stellen; nae deesen sullen geen minder als voor 20 jaeren weldraegende en alleen getroude luijden . . . werden geaccepteert”.

21. *Ibid.*, p. 245.

22. *Ibid.*

23. *Ibid.*, p. 290.

24. *Ibid.*

25. Leibbrandt, H. C. V.: *op. cit.*, *Letters Despatched*, Vol. III, p. 262.

onpopulêr. Van Goens het voorgeskryf dat alleen die volgende graansoorte naamlik koring, rog, gars en rys verbou mag word, terwyl tabakboerdery, nadat Van Riebeeck dit in sy eie voorwaardes sterk voorgestaan het, deur hom verbied is.<sup>26</sup>

Laasgenoemde verbod is soos volg deur Van Goens gemotiveer: „Het toeback (sic) planten is haer tot U Ed. nader approbatie oock verboden, omdat het seecker is dat zij daermeede het beste land door baetsucht souden beslaen, alsoo den toback niet dan in vet land groeijen wil, behalven dat de inwoonder de kennisse vant saet hebbende, die van ons aparent niet souden soecken, waervan sij nu ten eijnde zijnde, terstont voor haer beesten weeder ander van ons moeten ruijlen, alsoo sij seer onmatich tot toback en brandewijn geneegen zijn, soodat mijns oordeels het toback planten behoorde geëxcuseert te werden, soo lange totdat wij eerst in abundantie van coorn en soo veel koebeesten waeren, dat wij de Hottentots om haer vee niet van nooden hadden”.<sup>27</sup>

Tuingewasse soos „watermeloenen, wat wortelen, cool ende 't gene d' E: Comp<sup>e</sup> selffs rijckel: door U.E.: uijtreyckt”,<sup>28</sup> mag nie vir ander doeleindes as vir eie gebruik deur die vryburgers gekweek word nie, aangesien dit „maer voor Comp<sup>s</sup> costen en dranck aen de scheepen versoetelt ende de E: Comp<sup>e</sup> van de botteliers en andere sulcke gasten ontstoolen wert”.<sup>29</sup>

Uit die bostaande gegewens blyk dit weereens baie duidelik op watter eng basis daar ekonomiese voorregte aan die eerste Kaapse vryburgers toegestaan is. In gevallye waar die werklike of vermeende belange van die V.O.C. op die spel gekom het, het die vryburgers maar weinig hulp en simpatie ontvang. Dit wek dus geensins die verbasing dat die vryburgers ontevrede was, en in opstand gekom het teen sommige van die onpopulêre bepalings van Van Goens nie. Dit moet egter dadelik hier bygevoeg word dat enkele van die beperkinge wat deur Van Goens opgelê is, in die lig van praktiese omstandighede wat toe gegeld het, heeltemal realisties was. In lg. verband dink 'n mens in besonder aan sy reëlings ten opsigte van grondbesit. Soos egter genoem, was daar ander bepalings wat die vryburgers op 'n heel onbillike wyse aan bande gelê het, soos byvoorbeeld die beperkings ten opsigte van wat gesaai of geplant mag word, handelsbeperkings asook die onvermoë van beide Van Goens en Van Riebeeck om die prys van die hoofbron van inkomste naamlik koring,

26. Suid-Afrikaanse Argiefstukke, *Resolusies van die Politieke Raad*, p.91.

27. Leibbrandt, H. C. V.: *op. cit.*, *Letters Received*, Vol. II p.291.

28. *Ibid.*, p. 227.

29. *Ibid.*

vas te pen. Teen hierdie reëling asook veral teen die beperkende maatreëls deur Van Goens op grondbesit, het die vryburgers op 27 Augustus 1657 (dus slegs enkele maande na hul vrywording) deur middel van 'n petisie wat hulle aan die Politieke Raad voorlê, sterk beswaar gemaak.<sup>30</sup>

Vanweë die feit dat die Politieke Raad nie by magte was om enige veranderinge aan Van Goens se bepalinge aan te bring nie, kon daar maar slegs aan die petisionarisse beloof word dat hulle klagtes onder die V.O.C.-direkteure se aandag gebring sou word. Goeie vrugte is egter afgewerp deur hierdie gesamentlike poging, deurdat die Bewindhebbers van die Kamer van Amsterdam op 2 September 1658 verklaar het dat hulle dit na aanleiding van die vryburgerversoek goedgevind het om „Ul te autoriseren om aen de voorsz. vrije luijden te accorderen en toe te staen soo veel lants in de breete als bij haer in de diepte ter oorsaecke van desselffs steenachtight wert gemist, en sulcx voor soo veel aff te wijcken van d' ordre en Instructie bij den Commissaris Van Goens aen Ul. dienaengaende gegeven . . .”<sup>31</sup>

Indien Van Goens se bepalinge ten opsigte van grondbesit, waarteen die vryburgers in hul bogenoemde petisie so skerp beswaar gemaak het, suiwer beoordeel word, kan die wenslikheid daarvan heeltemaal waardeur word. Hierdie maatreël kon ongetwyfeld slegs ordelike ontwikkeling in die hand werk, wat nie onder Van Riebeeck se meer liberale voorwaardes ten opsigte van grondbesit moontlik sou gewees het nie. Indien sake volgens laasgenoemde voorwaardes hulle gang moes gaan, sou grootskaalse spekulasie en roofofbou onvermydelike gevolge gewees het. Miskien kon Van Goens die ontevredenheid uitgeskakel het indien hy groter eenhede toegeken het, maar hier moet weer in gedagte gehou word dat daar aan die Kaap 'n kroniese arbeidstekort was, en groter plase sou geen doel kon dien indien dit nie bewerk kon word nie.

Die ander beperkings kan egter nie verdedig word nie, veral nie as daar op Van Goens se aanvanklike mooi woorde, naamlik dat „. . . dese Burgers sal U.E. (selfs buijten onse beloffte) met alle macht de handt bieden om haer in 't eerste het werck wat smaeckelijck te maken”,<sup>32</sup> gelet word nie.

Dit blyk dus dat baie hoë eise aan die vindingrykheid en hard-

30. Suid-Afrikaanse Argiefstukke, *op. cit.* pp. 111—112.

31. Leibbrandt: *op. cit.*, p. 79.

32. Leibbrandt: *op. cit.*, p. 225.

werkendheid van die eerste vryburgers gestel is, maar dat hul ver-  
wagte kanse op sukses, ten spyte van hierdie kwaliteite, baie gering  
was. Hierdie toedrag van sake moes blykbaar tot Van Goens deur-  
gedring het, vandaar sy ietwat verskonende verklaring dat „wij con-  
nen hier geen Edel lieden werden voor dat eerst goede Boeren ge-  
weest sijn”.<sup>33</sup>

Wat was die houding van die Here XVII teenoor die vestigings-  
voorwaardes van die vryburgers?

Die monopolisering van die binnelandse ekonomiese bedrywighede in sy „kolonies” was ’n algemene kenmerk van die V.O.C. se handelsbeleid.<sup>34</sup> Soos reeds aangetoon was dit nie in die Maatskappy se direkte voordeel om hierdie beleid konsekwent in die Kaap te volg nie, en ’n uitsondering is dus gemaak deur sekere ekonomiese bedrywighede aan privaat-inisiatief oor te laat. Perkeloos was laasgenoemde vryhede nie, want streng maatreëls is neergelê waarbinne opgetree moes word. Inderdaad was dit dan ook so dat by die bepaling van genoemde maatreëls, die belange van die V.O.C. die deurslag gegee het, „terwyl aan dié van die betrokke partikuliere weinig of geen oorweging geskenk is nie”.<sup>35</sup>

Die vryburgers is dus toegelaat om hulle aan die Kaap te vestig, maar in duidelike terme word aan hulle voorgeskryf wat hulle mag plant en saai, waarmee en met wie hulle mag handel dryf, en teen welke pryse hul produkte verkoop mag word.

Alhoewel die detail van die voorwaardes waaronder die eerste vryburgers hulle aan die Kaap kon vestig grootliks deur Van Riebeeck en Kommissaris Rijkloff van Goens uitgewerk is, spreek dit nogtans baie duidelik dat hulle noukeurig voorsorg moes tref dat dit binne die raamwerk van die V.O.C. se breë beleidsdoelstellinge val. Onmiddellike kontrole is in hierdie verband uitgeoefen deurdat die voorwaardes vir finale bekragting aan die Here XVII voorgelê moes word.<sup>36</sup>

Van Riebeeck het, vanweë sy amptenaarskap aan die een kant en sy noue assosiasie met die vryburgers en hul belange aan die ander kant, ’n baie gekompliseerde taak gehad. Dit was dus nie deurgaans vir hom moontlik om heeltemal neutraal te staan wanneer

33. *Ibid.*, p. 255.

34. Van der Walt, Wiid en Geyer: *Geskiedenis van Suid-Afrika*, Deel II (1951).

35. *Ibid.*, p. 139.

36. Bosman en Thom: *Daghregister Gehouden by den Oppercoopman Jan Antonisz van Riebeeck*, Deel II, p. 100.

daar 'n konflik tussen vryburger- en V.O.C.-belange was nie.<sup>37</sup> Hierdie situasie kan verklaar word aan die hand van die feit dat Van Riebeeck, soos enige goeie en ywerige amptenaar, hoë ambisies ten opsigte van sy loopbaan in diens van die V.O.C. gekoester het. Uit hierdie oogpunt gesien, was die betrekking aan die Kaap vir hom slegs 'n sport op die leer tot 'n meer gevorderde rang. Om hierdie rede is dit heel begryplik dat hy nie sy kanse sou wou bederf deur die V.O.C. se belange ondergeskik aan dié van die vryburgers te stel nie.

Aan die ander kant egter, was hy simpatiekgesind teenoor die lotgevalle van die vryburgers, want hy was tog immers die „volksplanter”, die persoon wat hoofsaaklik daarvoor verantwoordelik was dat die vryburgerskema sy beslag aan die Kaap gekry het. Daarbenewens het hy ook waarskynlik geweet dat hy die enigste persoon aan die Kaap was wat as pleitbesorger vir die regte van die vryburgers by die Here XVII kon optree.

Omstandighede het dit egter vir hom onmoontlik gemaak om beide partye terselfdertyd tevrede te stel en laasgenoemde feit het nie baie tot sy gewildheid bygedra nie.<sup>38</sup> Wat sy posisie verder verswaar het, was, soos Robertson dit stel, die klaarblyklike „fundamental incompatibility of aims in the policy of the Dutch East India Company. It wanted both low costs of administration and all the benefits to be derived from territorial possessions and a strict enforcement of monopoly rights”.<sup>39</sup> Onder hierdie omstandighede was daar aan Van Riebeeck se takt, oordeelsvermoë en ywer dus uitermatige hoë eise gestel.

Van Goens, in teenstelling met Van Riebeeck, was nie so persoonlik by die belange van die vryburgers gemoeid nie. Waar die V.O.C.-beleid dit toelaat, tree hy met groter selfvertroue op en is hy vrygewiger as Van Riebeeck, maar andersinds, soos alreeds aangedui, is hy meer onbuigsaam in sy beslissings. Die verskille in voorgenoemdes se benaderings ten spyte, was die laaste woord wat geld het, dié van die Here XVII. Laasgenoemde se allesoorheersende, onsigbare alomteenwoordigheid was 'n realiteit wat nooit op die agtergrond gekuif kon word nie en dit het die hiërargie van ampte-

37. Vgl. inhoud van vryburgerpetisie van 23 Desember 1968 en Van Riebeeck se reansie daarop (kyk Bosman en Thom: *op. cit.*, (Deel II), pp. 435-446) asook die Here XVII se reaksie op Van Riebeeck se optrede (kyk Leipoldt, C. L.: Jan van Riebeeck — *A Bibliographical Study*, pp. 177—178).

38. Leipoldt, C. L.: *Jan van Riebeeck die Grondlegger van 'n Blanke Suid-Afrika* pp. 175—1777.

39. Robertson, H. N.: *The Economic Development of the Cape Under Jan van Riebeeck*, *South African Journal of Economics*, (Vol. 13, No. 4) p. 261.



nare met 'n byna slaafse onderdanigheid vervul. Dit is dan veral teen hierdie agtergrond dat die vryburger-amptenaarverhouding aan die Kaap gesien moet word.

Die Here XVII het dan ook enkele rig snoere aangedui ten opsigte van die voorwaardes waaronder die vryburgers hulle aan die Kaap kon vestig en waarvolgens daar deur Van Riebeeck en besoekende kommissarisse gehandel moes word. Hierdie „beleidsvoorskrifte” kan afsonderlik soos volg behandel word:

(i) *Bevordering van die Landbou*

Soos voorheen aangedui, het die meer gunstige vestigingsvoorwaardes vir die vryburgers hoofsaaklik op die landbou betrekking gehad. Omrede 'n vooruitstrewende landbougenootskap vir die V.O.C. 'n groot besparing aan arbeidskoste en voedselvoorsiening sou meebring, is daar by herhaling aan die Kaapse Kommandeur instruksies versend dat aan die landbouers 'n helpende hand gebied<sup>40</sup> moes word, en dat landbou ten alle koste bevorder moes word.<sup>41</sup> So begaan was die Here XVII dat genoeg ywer en entoesiasme op landbougebied aan die dag gelê moes word, dat hulle in hul brief van 16 April 1658 selfs toestem dat Van Riebeeck self 'n plaas kon uitsoek en daarop boer om sodoende aan hom „occasie ende gelegentht te geven om de vrij luijden met een goet exampel daarin voor te gaen oock meer ende meer te animeren ende op te wecken . . . ”<sup>42</sup>

Met gereelde tussenposes is Van Riebeeck van hierdie belangrike oogmerk (te wete die belangrikheid van die boerdery) verwittig. Op 2 September 1658 skryf die Kamer van Amsterdam byvoorbeeld weer: „Ul: sullen 't in alle manieren daerop moeten aanleggen om de voorsz: moescruijden en aertvruchten die de meeste ververssinge geven altyt in overvloed te hebben, alsoo 't selve met het begripen van de voorsz: residentie van onse principaelste intentien en oogmerck is geweest, en die dienen wij nootsaekel: te bereijcken, als wanneer dan voor't in ordre sal moeten volgen het bestiael ende versche cost, om daervan mede genoeghsame voorraet te hebben, mach mede geen moeijten gespaert werden”.<sup>43</sup> Om hierdie ideaal te verwesenlik moet „de vrije luijden . . . zoo veel doenlijk en buijten prejuditie van de Comp<sup>e</sup> can geschieden, de hand dienen geboden te worden om haer des te genener te maecken en geen tegenlust in haer te verwecken”.<sup>44</sup>

Besoekende Kommissarisse soos Rijckloff van Goens, Joan

40. Leibbrandt, H. C. V.: *op. cit.*, *Letters Received*, Vol. 1, p. 285.

41. Librandt, H. C. V.: *op. cit.*, *Letters Received*, Vol. II, p. 43 en p. 61.

42. *Ibid.*, p. 61.

43. *Ibid.*, pp. 73—75.

44. *Ibid.*, p. 117.

Cuneus, Pieter Sterthemius en Andries Frisius het hierdie belangrikheid tydens hul besoeke aan die Kaap baie beklemtoon.<sup>45</sup> Eersgenoemde verduidelik byvoorbeeld in sy instruksies aan Jan van Riebeeck dat die doel en noodsaaklikheid van die landbou was „om daarmede niet alleen te excuseren, dat men van Batavia off't uijt 't Patria geen montwaeren uwe hoefft te versorgen, maer dat wij soo verre mogen comen om selff voor d' aanwesende schepen alle scheepscost te excuseren, ende van den overvloed India connen mededeelen, hierop siet het principaele oogherck van d' E. Comp”.<sup>46</sup>

Die indruk word dus geskep dat die boerende vryburgers oorlaai sou word met al die bystand wat hulle sou nodig hê om van hul boerderye 'n sukses te maak.

Die werklike toegewings en hulp wat die vryburgers ontvang het, was egter onvoldoende. As voorbeeld hiervan kan dien die totale krediet wat die Here XVII ingewillig het om aan beginnende boere toe te staan. In hul brief van 16 April 1658 skryf hulle aan Van Riebeeck in hierdie verband: „Ende hoewel voorsz: vrije luijden in den beginne met het een ende ander dat tot den lantbouw werdt gerequireert, als gereetschappen, ossen, koeijen, schapen, oock provision ende montcosten sullen moeten werden geaccommodeert, soo verstaen wij nochtans dat alle hetselve niet sal mogen surmonteren de somme van f200 gul: uijterl: mits daerinne oock moderatie ende discretie gebruijcken om de Comp<sup>e</sup> soo wijnich als doenl: te beswaren”.<sup>47</sup>

Hierdie beperking, tesame met die lae graanprys wat die Here XVII gewillig was om te betaal het baie teleurstelling onder die vryburgers veroorsaak en Van Riebeeck is dan ook deur toestande gedwing om die perk van f200 oorskrei.<sup>48</sup>

In sy brief van 5 Maart 1659<sup>49</sup> het hy die Here XVII onomwonde verwittig dat ondervinding getoon het dat genoemde bedrag ver te kort skiet en dat 'n bedrag van f2000 aan elke enkele vryburger debiteer behoort te word. In hierdie verband het hy na sy eie ondervinding as boer verwys. In minder as 'n jaar moes hy f2000 in sy plaas steek sonder om enigiets te verhaal, en onder die beste omstandighede kon die eerste oeste eers na twee jaar verwag word. Hy het

45. *Ibid.*, p. 269, p. 271, p. 347.

46. *Ibid.*, p. 223.

47. *Ibid.*, p. 63.

48. Leibrandt, H. C. V.: *op. cit.*, *Letters Despatched*, Vol. III, p. 82.

49. *Ibid.*, pp. 79—83.

49. *Ibid.*, pp. 79—83.

50. Godée olsbergen: *op. cit.*, p. 112.

sy standpunt dat hoër krediet verskaf moet word aan die hand van die volgende berekening bewys:

10 Trekosse teen f12	:	f 120
6 Melkkoeie teen f12	:	72
50 Skape teen f3	:	150
Gereedskap en "ijserwerk" plus minus	:	258
Voorrade vir 2 jaar	:	800
6 Slawe teen f100	:	600
		<hr/> f2,000

Hy het dus tot die gevolgtrekking gekom dat geen enkele landbouer, of selfs 'n vennootskap van twee landbouers, die mas sou kon opkom met 'n bedrag van minder as f2000 tot hul beskikking as aanvangskapitaal nie.

Daar die eerste vryburgers egter hul plase groepsgewys bewerk het was die inisiële uitgawes in die reël nie hoër as f500 per man nie, terwyl die nieboerende vryburgers se kapitaalbehoefte ook heelwat minder was en gevolglik kon hulle baie makliker oor die weg kom.<sup>50</sup>

Op Van Riebeeck se suggesties dat f2000 te min was, het die Here XVII nie gereageer nie. Intendeel, hul gedurige aanmanings dat daar bespaar moes word het slegs voortgeduur. Tog is daar op indirekte wyse daadwerklike stappe gedoen om die koste wat die vryburgers moes aangaan op 'n lae peil te hou. In hierdie verband het die Here XVII op 5 September 1659 aan die Kommandeur geskryf: „Om die redenen bij U1. geallegeert, oock de voorsz. vrije luijden des te meer te encourageren zullen wij haer de schuld voor het zoedkoorn haer het eerste jaer verstreckt, mits desen remitteren en quijtschelden”.<sup>51</sup> Verder verklaar die Here XVII op 7 Mei 1661 dat die hoë pryse van verskeie kommoditeite baie ongerief vir die vryburgers veroorsaak, en dat die pryse van plaaslike goedere so goedkoop moontlik gemaak moet word.<sup>52</sup>

Hierdie tegemoetkomings is egter grootliks geneutraliseer deur die lae graanpryse wat die Here XVII Van Riebeeck opdrag gegee het om te betaal,<sup>53</sup> nl.

- Een last<sup>54</sup> rys van f75 tot f100
- Een last koring van f75 tot f100
- Een last rog van f50 tot f70

Hierdie pryse was so laag dat Van Riebeeck dit vir 'n geruime

51. Leibrandt, H. C. V. *op. cit.*, *Letters Received*, Vol. II, p. 119.

52. *Ibid.*, p. 176.

53. *Ibid.*, p.62.

tyd vir die vryburgers geheim gehou het uit vrees vir hul reaksie daarteen.

Die feit dat Van Goens Van Riebeeck se verbod op veehandel tussen vryburgers en Hottentotte opgehef het, moet as 'n groot tege-  
moetkoming gesien word. Dit wek egter verbasing dat die Here XVII geen onmiddellike kommentaar hierop gelewer het nie, en dat hulle genoemde reëling saam met die ander goedgekeur het deur kort en saaklik te verklaar dat: „De voorsz: instructie bij den Com-  
mandeur van Goens U1: op sijn vertreck van de Caep behandigt, hebben wij nae rijpe examinatie bevonden wel ter materie ingestelt te wesen, oock goede ordres te vervatten, over sulcx sullen U1: haer na den inhoude van dien totdat wij U1. anders soudén mogen comen t' ordonneren, hebben te reguleren, oock die nae te comen ende t' achtervolgen uijtgeseyt eenige poincten daerinne wij goetgevonden hebben eenige verandernigh te brengen”.<sup>55</sup>

Voornoemde verklaring volg kort op die Here XVII se voorskrif van 9 Oktober 1657 dat „het houden van bestiael sal voor haer (vryburgers) mede dienen open en vrij gelaten mits nochtans dat se van d' inwoonders gaen vee sullen vermogen aff te handelen om de duijrté daarin niet te brengen”.<sup>56</sup> Die wispelturigheid van die V.O.C.-direkteure word duidelik bewys toe hulle, nadat Van Riebeeck representasies oor die onwenslikheid van hierdie handel voorgelê het, weer besluit om dit te verbied.<sup>57</sup>

(ii) *Diverse aangeleenthede*

Voorskrifte aangaande die uitbring van die vryburgers se vrouens vanuit Europa, beëindiging van landbouvennootskappe, voorsiening van slawe aan vryburgers en beskerming van die vryburgers teen mededinging van amptenare het Van Riebeeck bereik.

- (a) Wat die vryburgers se families betref, is die mening gehuldig dat beter resultate van die boerdery verwag kan word indien 'n vereniging met hulle vrouens in die Kaap bewerkstellig kon word. Van Goens het veral duidelike opinies aangaande hierdie aspek gehad en in sy instruksies aan Van Riebeeck verklaar hy dat „t was beter geweest dat de gemelte personen alle getroude waren, ende die getrouet sijn eerst geconsenteert hadden haer vrouwen hier t' ontbieden, om de luijden in haere huijs-  
gesinnen te verplichten 't werck wat langh bij te wonen . . . oock voortaan tot naeder alle ongetroude excuseeren dan die tot

54. (Een „last” word op 3600 lb. bereken).

55. *Ibid.*, p. 61.

56. Leibbrandt, H. . V.: *op. cit.*, *Letters Received*, Vol. II, p. 33.

57. Jeffreys, K.: *Kaapse Plakkaatboek*, Deel I, (1652—1707), p. 34.

dienst van degeene versoeken om haer vrijdom die nae de Bataviase gewoonte haer vrij brieff cunt verleenen".<sup>58</sup> Die Here XVII het die wenslikheid hiervan erken en toestemming verleen dat vrouens wat deur hulle mans ontbied is, kon vertrek sodra geleentheid per skip gereed was.<sup>59</sup> Van Riebeeck het egter duidelike instruksies ontvang dat die koste wat deur die V.O.C. in voornoemde verband aangegaan is, van die vryburgers verhaal moet word.<sup>60</sup>

- (b) Vanweë die gebrek aan kapitaal, arbeidskragte en beskerming moes die eerste vryburgers in sg. „kolonies” gegroep word. Daar is egter van owerheidsweë besef dat die meeste van hierdie burgers sou verkies om op hulle eie aan te gaan nadat hulle gesinne by hulle aangesluit het. Om hierdie rede het die Here XVII toestemming verleen dat vennootskappe ontbind kon word, maar op voorwaarde dat die „sonder merckel, prejuditie off ondiens van die Comp<sup>e</sup> sal cunnen geskieden”.<sup>61</sup>
- (c) 'n Verdere bepaling wat die vryburgers se goedkeuring weggedra het, was dat elkeen van hulle toegelaat is om twee of drie slawe aan te skaf. Die koste wat in hierdie verband aangegaan is, kon gaandeweg deur die lewering van graan aan die V.O.C. afgelos word.<sup>62</sup>
- (d) Ondervinding met vryburgers in sy gebiede elders, het aan die V.O.C. getoon dat eersgenoemde dit moeilik vind om te midde van konkurensietoestande 'n sukses van hul ondernemings te maak. Om hierdie rede het die Here XVII mededinging deur die amptenare ten sterkste verbied. In laasgenoemde verband skryf die Bewindhebbers van die Kamer van Amsterdam op 16 April 1658 aan Van Riebeeck dat om aan dienaars „eenige landerijen ter leen over te laten, souden wij geensints cunnen goetvinden, noch toestaen, ende dat eensdeels om deselve daerdoor niet te veel van den dienst die se de Comp<sup>e</sup> schuldigh sijn, aff te trecken en ten anderen om de vrije lui den niet te discourageeren, siende dat dese boven hare tractementen noch deselve voordelen uijt de landeren souden cunnen trecken ende 't welk oock veroorsaecken souden datter des te minder haer tot vrijdom souden begeven . . .”<sup>63</sup>

58. Leibrandt, H. C. V.: *op. cit.*, *Letters and Documents Received*, Vol. II, p. 225.

59. *Ibid.*, p. 45.

60. *Ibid.*, p. 80.

61. *Ibid.*, p. 79.

62. *Ibid.*, p. 63.

63. *Ibid.*, pp. 61—63.

Bogenoemde was dus die voorwaardes en reëls waaronder die eerste vryburgers hul ontslag van die V.O.C.-diens ontvang het. Veel vryheid het dit nie vir hierdie mense meegebring nie aangesien daar voorskrifte ten opsigte van haas elke terrein waarop hulle kon beweeg, was. Met die verloop van tyd sou hierdie voorskrifte selfs verder uitgebrei word. Dit is egter te betwyfel of algehele onafhanklikheid van die V.O.C. op daardie vroeë stadium 'n goeie doel sou gedien het, veral as daar op die onervarendheid en algemene agtergrond van baie van die eerste vrymanne gelet word. Nogtans was hierdie voorskrifte en die strenge toepassing daarvan deur Van Riebeeck in die geheel gesien onsimpatiek teenoor die vryburgers en het dit die natuurlike ontwikkeling van die kolonie in daardie vroeë stadium aan bande gelê.

G. C. Olivier.